G68G
S.559

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **80c** Plaaslik
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 313 CAPE TOWN, 10 JULY 1991
KAAPSTAD, 10 JULIE 1991 No. 13366

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1515. 10 July 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 121 of 1991: Mediation in Certain Divorce Matters Amendment Act, 1991

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1515. 10 Julie 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 121 van 1991: Wysigingswet op Bemiddeling in sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1991

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Mediation in Certain Divorce Matters Act, 1987, so as to provide for the appointment of a Family Advocate for a specific divorce action or an application or for more than one such action or application; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 27 June 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 2 of Act 24 of 1987**

**1.** Section 2 of the Mediation in Certain Divorce Matters Act, 1987, is hereby amended by the addition of the following words to subsection (1):

"and the Minister, or any person authorized thereto in writing by him, may appoint one or more persons, whether or not they are officers in the public service, at any such division to act as a Family Advocate or Family Advocates for the duration of a specific divorce action or an application or for more than one such action or application.".

**Amendment of section 5 of Act 24 of 1987**

**2.** Section 5 of the Mediation in Certain Divorce Matters Act, 1987, is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* the payment by the State of remuneration and allowances to a Family Advocate appointed under section 2(1) to act in a specific divorce action or an application or in more than one such action or application and a Family Counsellor, for services rendered, the determination of criteria for the payment of such remuneration and allowances, the manner of calculation of such remuneration and allowances and the recovery **[of such remuneration and allowances]** thereof by the State from a party or parties to a divorce action or an application referred to in section 4(1)*(b)* and (2)*(b)* by means of an order as to costs by the court;".

**Short title**

**3.** This Act shall be called the Mediation in Certain Divorce Matters Amendment Act, 1991.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Gesinsadvokaat vir 'n bepaalde egskeidingsgeding of 'n aansoek of vir meer as een sodanige geding of aansoek; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Wet 24 van 1987**

**1.** Artikel 2 van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987, word hierby gewysig deur die volgende woorde by subartikel (1) te voeg:

"en die Minister, of iemand deur hom skriftelik daartoe gemagtig, kan een of meer persone, hetsy hulle beamptes in die staatsdiens is of nie, by enige sodanige afdeling aanstel om vir die duur van 'n bepaalde egskeidingsgeding of 'n aansoek of vir meer as een sodanige geding of aansoek as Gesinsadvokaat of Gesinsadvokate op te tree.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 24 van 1987**

**2.** Artikel 5 van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987, word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die betaling deur die Staat van vergoeding en toelaes aan 'n Gesinsadvokaat wat kragtens artikel 2(1) aangestel word om in 'n bepaalde egskeidingsgeding of 'n aansoek of in meer as een sodanige geding of aansoek op te tree, en 'n Gesinsraadgewer, vir dienste gelewer, die bepaling van maatstawwe vir die betaling van sodanige vergoeding en toelaes, die wyse van berekening van sodanige vergoeding en toelaes en die verhaling daarvan deur die Staat **[van sodanige vergoeding en toelaes]** op 'n party of partye in 'n egskeidingsgeding of 'n aansoek in artikel 4(1)*(b)* en 2*(b)* bedoel deur middel van 'n kostebevel deur die hof;".

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1991.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300